There can be no high civility without a deep morality.

- Ralph Waldo Emerson

LANDBOU-OMSTANDIGHEDE VERANDER!

Gedurende 2004 en 2005 het ons in ons Wenakkers en ook in ons Jaarverslae verwys na die moeilike landbou-omstandighede wat geheers het—'n Rand/dollar wisselkoers van by die 6, graanpryse was laag (koring onder R1 000/ton en mielies onder R800/ton), volstruisbedryf wat nie vleis kon uitvoer nie, skaap- en beespryse wat relatief laag was —dit alles het die bedryfsmarges van produsente onder wesenlike druk geplaas.

Conditions, however, are and have already changed significantly. The outlook for the agricultural sector in general for this year and the coming few years appears to be favourable (even very favourable). On the negative side, oil and therefore fuel prices are high and animal feeds including maize are expensive, but on the positive side, the shortage of milk currently experienced worldwide and the resultant increase in milk prices, relatively high grain prices in general, still good sheep and cattle prices, relatively good prices of ostrich meat and skins as well as a stable Rand/dollar exchange rate of 7, are all positive indicators for the farming sector.

Die wêreldwye fokus (ook in Suid-Afrika) om bio-diesel en etanol van grane te vervaardig is besig om die hele prysstruktuur van energie en voedsel te verander. Die VSA beplan om binne die volgende 2 jaar sowat 140 miljoen ton mielies per jaar vir die vervaardiging van etanol aan te wend (ongeveer 'n derde van hul totale mielie-oes!). In Suid-Afrika het die regering 'n doelwit dat teen 2013 gemiddeld 4,5% van die plaaslike brandstofverbruik deur etanol en biodiesel voorsien moet word. Graanpryse gaan daarom al hoe meer deur die prys van olie beïnvloed en selfs bepaal word.

Unfortunately, however, the high grain and meat prices will have a negative effect on the consumer and especially the lower income groups. Prices of food should increase significantly and this would be one of the challenges that will have to be managed.

Vir die primêre landbousektor behoort die volgende paar jaar egter positief te wees en is dit alles genade dat landbou-omstandighede die afgelope 2 jaar verbeter het. Ons het daarom baie rede tot dankbaarheid!

Jan Weys
Besturende Direkteur

TUINROETE AGRI SHARES

Buyers offer on 14 May 2007 was R2-30 per share. Available shares 228,100 at an average price of R2-98 per share. Last transaction was at R2-50 per share.

Louis Fivaz (044-601-1200)



Wet streng toegepas

Veemiddels vir die bestryding of behandeling van veesiektes wat koöperasies en/of verkoopsmense regstreeks aan die boer verkoop, word streng deur die Wet op Veemiddels (Wet 36 van 1947) beheer. Dié wet word deur die Departement van Landbou geadmi-nistreer.

Voordat 'n veemiddel verkoop mag word, moet dit deur die owerhede geëvalueer en goedgekeur word. Om regi-strasie te verkry, moet die maatskappy bewys dat die middel veilig is vir die betrokke dier, dat al die aansprake op die etiket waar is en dat dit nie 'n uitermatige bedreiging vir die om-gewing inhou nie.

Die tyd wat die middel in die vleis teenwoordig sal wees, moet bepaal word om 'n onttrekkingstyd op die etiket te kan toon.

Só 'n registrasie is duur. Dit kan 'n maatskappy tot sowat R675 miljoen ($100 miljoen) kos om 'n nuwe aktiewe bestanddeel te laat toets. Dit is tydsaam en kan tot 10 jaar duur.

Veterinêre middels wat net deur veeartse gebruik mag word, volg 'n soortgelyke proses, maar resorteer onder Wet 101 wat onder die beheer is van die Departement van Gesondheid se Medisyne-beheerraad. Om middels ingevolge Wet 101 te laat registreer, is nog duurder en duur langer omdat die vereistes nóg strenger is.

Bykomstig tot die statutêre vereistes vir die registrasie van middels is 'n waghond-organisasie vir die vervaardigers van veemiddels—die Suid-Afrikaanse Die-regesondheidsvereniging (SAAHA). Dié organisasie was voorheen saam met Croplife 'n deel van die Plantbesker-mings– en Dieregesondheidsvereniging (Avcasa).

Met enkele uitsonderings is die veterinêre maatskappye almal lede van die SAAHA. Lidmaatskap verbind die lede tot 'n streng gedragskode wat deur maatskappye en hul personeel gehandhaaf moet word. Die gedragskode sluit die volgende aspekte in:

- 'n Beleid wat die vervaardigingsgehalte neerlê.
- 'n Beleid oor etiese bemarking en advertensies.
- Hoë standaarde vir die opberging en vervoer van mid-dels.
- 'n Opleidingsbeleid vir almal wat veemiddels verkoop (verteenwoordigers en agente).

CHRISTO KOTZÉ VERLAAT TUINROETE AGRI SE DIENS

Christo Kotzé het besluit om Tuinroete Agri se diens te verlaat en om self op graanhandel in die Suid-Kaap te fokus. Hy is vir die volgende 12 maande Tuinroete Agri se voorkeurverskaffer van grane, op 'n beste prys basis. U kan hom ook kontak in verband met direkte aankope van grane deur Tuinroete Agri by selnommer
083 629 0165.

CREDIT

Tuinroete Agri's debtors book has grown to approximately 3 442 clients. We thank our customers for their loyal support and that most of them keep within their limits.

Sometimes it is necessary for clients to exceed their credit limits due to un-foreseen or large purchases. To avoid unnecessary inconvenience at point of sale, we kindly request them to do the necessary arrangements with our Credit Department in advance.

Tax invoices issued at the point of sales must be kept for your records and tax purposes. Lost invoices can be obtained from our website at www.tagri.co.za or at the branch where the transaction took place.

Please feel free to contact our offices at Mossel Bay (044-601-1200) or Riversdale (028-713-2404) should you need any assistance.

Louis Fivaz

EXECUTIVE OFFICER CREDIT CONTROL

Belangrike kennisgewing aan alle kliënte!!

VERKOOPSVOORWAARDES

Krediet op aankope sal slegs toegestaan word binne 21 dae na aankoopdatum en slegs met voorlegging van **oorspronklike faktuur**. Omruilings en krediet is onderhewig aan goedkeuring deur Tuinroete Agri.

WAARBORG OP GOEDERE

Waarborge op goedere word deur vervaardigers verskaf en nie Tuinroete Agri nie. Waarborge is onderhewig aan die vervaardiger se voorwaardes. Tuinroete Agri kan dus geen artikel omruil sonder goedkeuring deur die vervaardiger nie. Tuinroete Agri sal wel ten alle tye poog om enige probleme so gou moontlik op te los.

KAARTBETALINGS

Krediet– of debietkaarte word nie aanvaar vir betaling van enige rekeninge nie. Onderhandelde korting kan verbeur word indien betaling met ‘n debiet-/kredietkaart geskied.

TJEKBETALINGS

Tuinroete Agri hou die reg voor om betaling per tjek te weier. Bewys van identiteit op versoek benodig.

KORREKTE DIAGNOSE BELANGRIK

Soos enige ander middel moet antibiotika korrek gebruik word om die doeltreffendste reaksie te kry. Daar is net beperkte gevalle waar die kombinasie van verskillende soorte antibiotika ‘n sinergistiese werking het. Penisillien en streptomisien is só ‘n kombinasie. As ‘n mens egter penisillien saam met tetrasiklien gebruik, sal dit albei middels se werking onderdruk.

Antibiotika sal ondoeltreffend wees as diere nie toereikend gedoseer word nie, of as die boer die behandeling te gou staak. Dit kan selfs tot antibakteriese weerstand lei. Di boer moet die dosis op die voubiljet dus streng nakom en hy moet behandelings vir die minimum aanbevole tydperk toedien.

Behandelings word veral in geval van mastites té vroeg gestaak omdat daar ‘n opsigtelike verbetering is ná die eerste behandeling. ‘n Eenmalige behandeling is egter gewoonlik nie genoeg om die probleem op te klaar nie en dit sal dan subkliniese gevalle veroorsaak.

Middels vir gebruik teen mastitis moet net in uitgemelkte kwarte van die uier gebruik word om die verspreiding van die antibiotika doeltreffend te maak.

Die voorgeskrewe ontrekkingstydperk van produkte (melk en vleis) moet stiptelik nagekom word. Kopers kan melk weier as boere nie dié vereiste nakom nie. Melk van die behandelde asook die onbehandelde kwarte is aan dié beperkings onderworpe.

Die korrekte diagnoses van siektes is nodig. Antibiotiese behandeling is net doeltreffend teen sekere bakteriese besmettings en is glad nie doeltreffend teen virussiektes nie. Daar is ook chroniese bakteriese besmettings wat nie doeltreffend met antibiotika behandel kan word nie—soos absesse, waar die antibiotika gewoonlik nie deur die digte kapsel (weefsel) om die abses kan dring nie.

Mikrobakteriese besmettings by vee, soos Johne se siekte en tuberkulose, kan ook nie ekonomies met antibiotika behandel word nie.

‘n Inspuiting met antibiotiese middels, veral met langwerkende middels, kan die weefsel naby die inspuitplek irriteer. Net die voorgeskrewe hoeveelheid moet op een plek en slegs op die aanbevole liggaamsdeel (gewoonlik die nekspiere by beeste) ingespuit word. Gebruik slegs steriele naalde en spuite.

Bêre antibiotika altyd in ‘n koel, donker plek. Moet dit nooit ná die vervaldatum gebruik nie.

TUINROETE AGRI EN BAYER DIEREGESONDHEID

Bayer Dieregesondheid het hulle nuwe promosiekampanje vir 2007 in Johannesburg bekendgestel. Verskeie produkte kan deur gelukkige wenners opgeis word, waaronder 1/4 Krugerrande!

Kontak u naaste Tuinroete Agri Tak vir meer besonderhede.

Meganisasie

Vir persoonlike aandag en

professionele advies, skakel

Die volgende voorraad implemente is by die George Meganisasie-afdeling beskikbaar:

TREKKERS NUUT		
MF 435 (52kW)	4X4 Boordmodel	R185 000-00
MF 440 (61kW)	4X4 12 Spoed Ratkas	R208 000-00
MF 460 (78kW)	4X4 12 Spoed Ratkas	R270 000-00
MF 475 (97kW)	4X4	R315 000-00

SPESIAAL SLEGS VIR JUNIE 2007	
18HP MF Ride-on Grassnyer	R 21 000-00

IMPLEMENTE NUUT	
CLC 7-tand Bytelploeg	R 38 000-00
Vicon Rondebaler	R175 000-00
Vicon Roteerhark (3,2m)	R 31 000-00
MF 139 Baler	R155 000-00
5-Skyfmasjiene	R 48 000-00
6-Skyfmasjiene	R 51 000-00
1 X 3,2m snyer-kneuser	R182 000-00
Wrappers	R 85 000-00

PRYSE IS GELDIG TERWYL VOORRAAD HOU

Ter viering van die Super 14 eindstryd tussen die Bulle en die Haaie, het Efekto 'n promosie op Mosselbaai aangebied op Saterdag 19 Mei 2007.

Zoombie, Die By, het lekkergoed vir die kleinspan uitgedeel terwyl Nico, "The Garden Doctor" kliënte met advies bedien en afslagkoepons uitgedeel het.

Op die foto pryk Markus ("Die By"), Nico ("Die Sjef") en Jean ("Die Baas") van Efekto, by hul treffende uitstalling.

Total smeermiddels

Total - Handelsmerk	Total - Agri	Beskrywing
Transmission MP		Staan algemeen bekend as "Gatolie" - Word gebruik in eindaandrywings/ Natremme/ Hidrouliese stelsel.
Multagri Super	**KHT Plus**	Veeldoelige trekker olie - Verskil van MP deurdat die olie ook in 'n enjin gebruik kan word.
TM 80 W 90	**EXP 80 W 90**	Ratkas en ewenaar olie.
Rubia S 30	**SD 3 RS 30**	Series 3 olie - Dit beteken dit kan in Turbo sowel as non turbo petrol en diesel enjins gebruik word - Dis 'n gewone monograad olie - 30.
Rubia B 30	**SD 1 RB 30**	Series 1 olie - Dit beteken dit kan net in non turbo petrol en diesel enjins gebruik word - Dis 'n gewone monograad olie - 30.Is ook geskik vir die inloop van nuut oorgedoende enjins.
Rubia B 20		Word gebruik as 'n melkmasjien of vakuumpomp olie.
Rubia S 10		Swaardiens hidrouliese olie.
Rubia B 10		Ligte diens hidrouliese olie.
Rubia TIR 7400		Dis 'n meergraad olie - geskik vir 'n gemengde vloot, want die diesel sowel as petrol spesifikasies is die hoogste tans in die mark.
Fluide ATD		Outomatiese transmissie olie of algemeen bekend as 'n "rooi olie".
Azolla ZS 68		Dis 'n hidrouliese olie wat jy kry in verkillende grade of diktes vanaf 32.
Quartz 5000		Dit is 'n meergraad petrol olie - 20 W 50
Quartz Super HD 40		Dit is 'n monograad petrol olie - 40

Make www.tagri.co.za your homepage!

JAG U?

Besoek gerus Tuinroete Agri vir

u speserye,

worsderms,

slag-